

CACHET APTEEK

Groot genoeg om u te
bedien.
Klein genoeg om u te ken.

★
DIE
STUDENTE-APTEEK

die WAPAD

Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

In U lig sien ons die lig.

JAARGANG XXXI

NOMMER 5

— VRYDAG 19 MAART 1976

PUKKE!

vir al u kleurbaadjies

**Johan Claassen
Broers**
(Edms.) Bpk.

Tel. 3612,
POTCHEFSTROOM.
Kerkstraat 92.
Tak: Tomstraat 100.

SAFES en ASB werk saam

DIE ASB stel twee basiese vereistes aan enige studenteorganisasie voordat dit bereid is tot skakeling en samewerking. Die eerste is dat so 'n organisasie verteenwoordigend van sy studente moet wees. Tweedens moet dit lojaal teenoor Suid-Afrika staan. Laasgenoemde beteken nie noodwendig dat dit regerings-bedeid moet ondersteun nie, maar dat dit saamwerk tot die goeie orde in Suid-Afrika.

Daar bestaan 'n natuurlike behoefte by Afrikaanse studente om met Engelse studente te skakel en saam te werk. Hierdie behoefte word gemotiveer vanuit die eie-aard van die student. Sowel Engel-

se as Afrikaanse studente het vanwee die feit dat hulle student is, baie in gemeen. Gemeenskaplike studentebelange soos studentevoordele, administrering van studentesake en akademiese belange maak ska-

keling en samewerking noodsaaklik. Die tweede motivering tot samewerking is dat beide burgers van Suid-Afrika is; ook in hierdie opsig het hulle baie in gemeen. As volk van môre het beide groepe die taak

tot samewerking, ten spyte van verskille in politieke en lewensbeskoulike uitgangspunte. Uitgaande van bogenoemde motiverings het die ASB hom nog altyd beywer tot samewerking tussen alle studente

in Suid-Afrika. Dié houding het veral nou dringend geword omdat sowel Afrikaanse as Engelse studente skouer aan skouer diens aan Suid-Afrika lewer op die grens. Binnelands is samewerking tussen die studente van die twee taalgroepe nog altyd bemoeilik deur NUSAS se dislojale houding teenoor die land. Verder is hierdie organisasie ook nie

* Vervolg op bladsy 3



Mnr. Marius Schalekamp, President van die A.S.B. en student aan die P.U. vir C.H.O. (Foto: Fotokuns).



"I see no National Union"

OVER-DE- VOOR

WEER eens het die Leeu van Over-de-Voor hard en duidelik gebrul op die kampus met die aanbreek van die nuwe jaar.

Met die intrapslag is seker gemaak dat die krieketbeker weer eens na Overs sal kom deur Drakenstein met 'n heurt en 22 lopies te verneder.

Om hulle volle samewerking met die PUK te bewys, nomineer Over-de-Voor 10 spelers vir die rugbyproeue. Sewe van die manne word toe in die 2 spanne opgeneem. Voorwaar 'n besondere prestasie om so doende loyaliteit teenoor die PUK te bewys. Maar die beste van alles is dat hulle nie eers deur die groot getal verswak is nie. Probeer gerus die beker by ons afneem, sê hulle.

Seëls by die hope!

DIE volgende is die seëlversamelings wat op die oomblik by die F. du Toit-gebou uitgestal word. Almal is hartlik welkom!

1. Rhodesië — Prof. A. J. E. Sorgdrager. Lopende stel, fou- te en plate.
2. Botswana — Jurie le Roux. 'n Versameling vaste- en gedenkseëls vanaf 1966 tot en met 1974.
3. Botswana — Bert Sorgdrager. Eerstedag koevert.
4. Groot Brittanje — Gawie van der Walt. Hierdie versameling bestaan uit amptelike sowel as nie-amptelike koevert van Brittanje. Dit vertoon ook die hoë standaard van seëlontwerp in Brittanje.
5. Republiek van Suid-Afrika — Gawie van der Walt. Abnormaliteit van die RSA. Hierdie versameling sluit sowel druk- as perforasie-afwykings in.
6. Republiek van Suid-Afrika — Hierdie versameling toon al die amptelike eerstedagkoevert van die RSA vanaf nr. 1-39 in die tydperk Mei 1965 tot Oktober 1974. Sommige variasies word ook getoon.
7. Republiek van Suid-Afrika — Gerhard Kamffer. 'n Feitlike volledige versameling gedenkreeks silinderblokke met tegniese besonderhede word vertoon.
8. Unie van Suid-Afrika — Gerhard Kamffer. Dele van 'n versameling enkelseëls van die Unie vanaf 1935 word vertoon.

REËL U SAKE SO
DAT U DIE
Intervarsity
MET R.A.U.
27 Maart
BYWOON
**MOENIE
ROMMEL
STROOI
NIE**



Op so 'n manier stel Campus Independent die aard van SAFESS voor.

Hier ontvang Gerrit Hayward die koshuisrugbytruie van mnr. Ernst Claassen. Links agter is mnr. Piet Malan, Direkteur van die Sportinstituut en regs mnr. Sandt Claassen (Lees ook die berig op die sportblad). (Foto: Fotiek).

CINE PUK

CINE Puk se program vir hierdie week is soos volg:

Vrydagaand 19 Maart The Dove.

Saterdag 20 Maart Paul and Michele.



ONS KEN U BENODIGDHEDE

AFLEWERING ORAL OP
DIE KAMPUS

Tomstraat 89B en C

Tel. 5943 en 3377

STUDENTE APTEEK

—WP

INTERFAKULTÊRE LESINGS

DIE jaarlikse Interfakultêre lesings was skynbaar 'n groot sukses te oordeel aan die getalle (veral studente!) wat daar opgedaag het. Dit is te verwelkom want die organiseerders doen jaarliks baie moeite en dan verwag 'n mens ten minste 'n vol saal. Daar is in die verlede skitterende voordragte gelewer wat soms swak ondersteun is. Die organiseerders het Woensdag iets nuuts probeer: eers die vertoning van 'n film en daarna kort referate. Dit is ideaal want dit boei 'n mens.

Waarom kan daar nie meer van sodanige hulpmiddels gebruik gemaak word nie? Juis in hierdie tegnologiese tyd waarin ons leef raak die mense wars aan toesprake en

ellelange referate.

Wat daarvan dat tegniese hulpmiddele soos oorhoofse projektors, films, geslote baan televisie ens. nog meer in die klaskamers gebruik word? Dit kan net ten goede wees. Die beswaar kan geopper word dat dit baie geld kos. Wat dan van bv. sportapparaat — dit kos ook baie geld en word vergelykenderwys vir baie minder studente aangewend?

Die moderne student hou van bondigheid; daarom was die lesings ook geslaagd.

Namens die studente wil ons die organiseerders bedank en die hoop uitspreek dat ons jaarliks hulpmiddels sal hê by dié lesings.

R. A. U. INTERVARSITY

ALLE Puk-spanne oefen kliphard vir die eerste Intervarsity met R. A.U. Dis voorwaar 'n groot gebeurtenis die 27e Maart want aan die kontak is lank gewerk.

Nou wil ons die spanne wat gaan deelneem nou al van ons ondersteuning verseker. Ons sal julle dra in ons gedagtes en op die sportveld die dag: doen net julle bes!

Om 'n kunsstudent te wees

DIE dag is 'n sneeubedekte vlak voor jou wat smelt onder die swart potloodson in jou hand om 'n landskap te baar.

Die klei op die wiel bol en beurt teen jou vingers om eendelig in soepel oorgawe by die ander potte op die rak te gaan staan, wagtende op die oond. Gedurende die Sestiende Eeu kry ons in die skilderkuns 'n klemverskuiwing van Florence na Rome as die belangrikste sentrum vir... die tegniese vormtaal van die kunstenaar spruit voort uit sy visioenêre vormtaal wat oorwegend ideoplasties of fisioplasties kan wees. Aanstryk oor die gras terug ateljee toe... verlore in 'n wye palet kleure wat worstel en stoei om 'n plekkie op die doek te verower.

Teetyd onder die bome by

die kafeteria, kry vir jou 'n slukkie koeldrank. Die beitelgly oor die hout op maat van Beethoven se Sesde en dit word 'n sittende figuur..

Maak gou vir ons 'n paar plakkaat, dit moet nie fênsie te wees nie, somer maar net... jy weet mos, jy's mos kunstig. Skemerliggie by die lessenaar en jou kamermaat se ritmiese asemhaling en Deurnagversoeke en die ontwerp is nog ver van klaar af. Vanmiddag teken ons buite... af na die Fanie du Toit met 'n groot sketsboek onder die arm...

Om kunsstudent te wees is om albei hande bak te hou voor God en diep te teug aan die lewe.

Pukkiewikkelland

OM 'n studente te wees is lekker. Dis jonkwees... ménswees.

Ek het regtig gedink dat die halsoorkoppas waarin ek gedompel is vandat ek hier aangeland het, so 'n bietjie sal verslap sodra die seniors se manewales en ontheffing verby is — maar ek het my deeglik misgis! Dit is nog steeds net een dolle gejaag van vroegmôre tot laataand — wat sou die rede hiervoor wees het ek al dikwels gewonder: is dit maar net omdat ek as eerstejaartjie nog nie gewoon kan raak aan die stapels werksopdragte van die dosente en die dolle vaart waarvolgens alles geskied nie?

Of lê die antwoord net daarin dat daar in die jonk, le-

TELEVISIE VS. PERS

IN landse soos die VSA en Engeland is die instelling van televisie gevolg deur 'n daling in die sirkulasiesyfer van tydskrifte. Dit het egter hoofsaaklik gegeld vir tydskrifte wat tot die algemene publiek gerig was en nie vir vaktidyskrifte nie. Die sirkulasiesyfers van koerante is in 'n mindere mate as dié van tydskrifte geraak. Daar het egter wel 'n verandering ingetree ten opsigte van die aard van koerante se nuusdekking. Na televisie was daar 'n verskuiwing van blote nuusberigte sonder bespreking na berigte met meer nuusagtergrond.

Aangesien omstandighede in Suid-Afrika anders is as in die buiteland, kan die bogenoemde bevindinge nie sonder meer op Suid-Afrika van toepassing gemaak word nie. Om sinvolle afleidings te kan maak, is navorsing wat hier te lande onderneem word, nodig. Verder wil dit voorkom of die bestudering van die inhoud van die massamedia van besondere belang is, wat uit bestaande gegewens blyk dat die massamedia in die buiteland gereageer het op die daling in hul luister-, kyk- of sirkulasiesyfers deur veranderings in hul inhoud aan te bring.

(Sal dit in S.A. ook gebeur? — Redakteur).
Geneem uit Nuusbrief no. 75 van die R.G.N.

Nog 'n meesterstuk van Agatha Christie

GETUIE vir die Staat deur Agatha Christie met Regisseur Aldo Behrens.

As die gordyne lig sien jy 'n kleinerige regs-kantoor (die dik boeke spreek vansef) en 'n man wat tussen papiere staan en vroetel. My eerste gedagte was 'n vraag aan myself: Aarde, sal 'n mens Agatha Christie se hand hierin herken?

Ek het nie lank gewag op die antwoord nie. Die gehoor het gou agtergekom dat die situasie waarin die beskuldigde Leonard Vole (Mario Muller) hom bevind, 'n uiters netelige een is. Sy storie is tegelykertyd uiters logies en uiters verdoemend: Hy help 'n ou dame met haar pakkies in 'n woelige straat en sy nooi hom uit om te kom kuier. Hy raak lief vir haar — sy herinner hom baie aan die tante wat hom grootgemaak het — maar neem nooit sy vrou na haar nie.

Die ou dame raak op 'n stadium die kluts so effens kwyt en verander haar testament — iets wat dikwels gebeur volgens haar huishoudster. Laasgenoemde gespeel deur Tinkie Lombard is 'n klassieke figuur. Die tipies sorgsame, betweringe oujongdame — van die soort wat haar oor teen elke deur sal druk as sy dink dit is geregverdig.

Die verhoor neem telkens interessante wendinge, en 'n mens moet fyn luister ten einde alles op te vang wat belangrik kan wees. (Getrou aan Agatha Christie se boeke).

Mnr. Meyers (Aldo Behrens) behartig die staat se saak skitterend, en as hy opstaan met sy kenmerkende aamborstige hoesie, ys jy al klaar vir wat sy volgende relaas vir die beskuldigde kan inhou.

Die saak teen die beskuldigde lyk verdoemend — tot dat 'n stukkie onverwagse inligting onder die aandag van Sir Wilfred kom.

Meer durf ek egter nie sê nie, aldus 'n persoonlike beroep wat Regter Wainright (Dawie du Toit) tot die gehoor gerig het. Diegene wat die stuk gesien het sal verstaan dat stilswye omtrent die uiteinde uiters belangrik is.

Die stuk as geheel is uiters suksesvol verwerk en aangepas om by die atmosfeer en beperkinge van die Kleintheater te pas. Ek noem as voorbeeld die manier waarop die mense wat getuie is moet aflê op die verhoog verskyn. As die Klerk van die hof aangesê word om 'n persoon in die getuiebank te roep kom die persone uit die foyer te voorskyn waar hulle gewag het. Dit is myns insiens 'n uitstekende oplossing vir die min bzuweeglikheid wat die teater bied.

Daar was ook 'n besondere atmosfeer van intieme samehorigheid geskep toe die gehoor aangespreek is as die „Jurie“. Die gehoor was dus absoluut déél van die opvoering, en het dit sodoende baie meer geniet.

Opsommenderwys wil ek net sê dat dit 'n opvoering is wat enigen baie behoort te geniet; enersyds omdat dit so interessant is, en andersyds omdat die gehoor so kan „meeleef“ met die gebeure op die verhoog. Dus — dit is die moeite werd om te sien.

LOEKIE LE ROUX.

OEFEN SAAM MET

U KOSHUIS

VIR DIE

Sêrkompetisie

Hit die Woord

Lukas 17 : 32 en Genesis 19.

DIE soutpilaar van Lot se vrou staan soos 'n skrikwekkende standbeeld in die geskiedenis. Jesus gebruik die geskiedenis van Lot se vrou om ons te waarsku as Hy sê: Dink aan die vrou van Lot.

Hy waarsku ons, want die wederkoms sal heeltemal onverwags wees. Dit sal somer so midde in ons alledaagse lewe inslaan. Soos in die dae van Lot sal die mense koop en verkoop, plant en bou. Die lewe het somer so sy gewone gang gegaan toe God die aarde getref het met vuur en swawel in die dae van Lot. Die lewe sal skynbaar sy gewone gang gaan en dan... verskyn Jesus Christus op die wolke. Dan sal dit met baie mense gaan soos met Lot se vrou, omdat baie mense vandag soos hy is.

Drie sake vra ons aandag: 1. Haar plek; 2. haar sonde; 3. haar straf.

1. Haar plek: Haar plek was aan die sy van Lot, die Godvresende regverdige man (2 Pet. 2 : 7, 8).

Sy het die engele in haar huis gehad en die handdruk van die engele gevoel.

Ons kan dus sê haar plek was in die kerk. Tog tref ons haar aan as 'n skrikbeeld in die geskiedenis.

2. Want wat was haar sonde? Toe die engele Lot en sy vrou Sodom uitgelei het, toe die vuur en swawel van die HERE die stad verteer het, het die engele hulle beveel om nie om te kyk of stil te staan nie. Waarom nie? God wou gehad het dat Lot en sy gesin ook met hulle harte met die stad breek.

Lot se vrou, toe sy die stad verlaat, kyk om. Sy was so vergroei aan die stad en aan sy losbandige lewe dat sy moes omkyk. Toe versteen sy. Haar sonde is dus dit: met haar voete buite Sodom, met haar hart in Sodom.

3. Haar straf: Sy versteen vlak voor die stad van redding, Soar. Sy word soos haar hart voor God is: sout, d.w.s. leweloos voor God. Drie word gered, maar sy nie.

Dit is ook wat Jesus sê in vers 34 van Lukas 17: Twee

sal op een bed wees, die een sal aangeneem word en die ander verlaat word ens.

Dink aan die vrou van Lot. As ons die evangelie van redding hoor, as ons op pad na Soar, die stad van redding is, moet ons die ou sondige lewe van harte loslaat. Nie eers net 'n kykie op die verkeerde nie. Waar sal u hart wees met die wederkoms van Christus? Sal dit by Christus wees of in die wêreld, soos Lot se vrou? Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees.

Die wederkoms van Christus kom skielik en maak 'n groot ongelukheid tussen dit wat nou is vir ons gelyk lyk: Twee op een bed, die een gered, die ander verlaat. Twee op 'n land of by 'n meule. Dit lyk so gelyk. Met Christus se wederkoms, word die ongelukheid aangedui, want die een word gered en die ander verlaat.

Is u hart by Christus? Dink aan die vrou van Lot.

BESOEK

CACHET APTEEK

U PLUS APTEEK

Vir al u benodigdhede soos:

TOILETWARE

GESKENKE

REVLON EN RIMMEL SKOONHEIDSMIDDELS
TABAC VIR MANS

CACHET APTEEK

FOON 4201 — TOMSTRAAT 92

POTCHEFSTROOM

Ons is groot genoeg om u te dien
klein genoeg om u te ken.

—Wapad

SAFESS EN ASB WERK SAAM

★ Vervolg van bladsy 1

Engelse studente nie. Daarom beantwoord NUSAS nie aan die basiese vereistes wat die ASB van 'n studenteorganisasie vereis nie.

Hierteenoor het Safes hom reeds lojaal teenoor Suid-Afrika verklaar, en is dit reeds besig om die steun van die meerderheid Engelse studente te werf Tekens vir hierdie tendens is reeds gesien deur bv. die besluit op die Witskampus onder aanmoediging van Safes se voorsitter, mn. Paul Sarbutt, wat die jollkomitee bedank het dat daar besluit is om geld aan die Suid-Afrikaanse soldate aan die grens te skenk.

In die lig van bogenoemde kan die ASB die ontstaan van so 'n organisasie soos Safes verwelkom. Konstruktiewe samewerking tussen die ASB en Safes sal gerealiseer kan word indien die Engelse studente hulle steun aan hierdie organisasie gee deur hulle in die komende referendum op die Engelse kampusse van Nusas te distansieer.

Geen moontlikheid van 'n oorkoepelende studenteorganisasie word in die vooruitsig gestel nie, omdat NUSAS getoon het waartoe dit kan lei. Die onafhanklike karakter van die ASB as verteenwoordigende organisasie van die Afrikaanse studente sal dus altyd prioriteit geniet.



DIE HELE GROEP



Die Domspan en die Donkiespan het mekaar opgekeil.

Jolyt-naaweek vir Admissante

DIEGENE wat 'n Admissiebondkamp met iets kloosteragtigs assosieer, sou sy oë nie glo as hy twee weke gelede die manewales van die Admissante op Venterskroon aanskou het nie.

Vandat die PUK-bus vertrek het, het die ouens jolyt gehou en die akademie diep begrawe. Daar is baie gespeel, gesing, geswem, gewerk, konsert gehou en sommer net oor koeitjies en... koeitjies gesels! — want wie praat nou oor kalfies?

Tussen die jolyt deur is interessante praatjies gelewer. (L.W. — nie die tradisionele lesings nie; daarvoor was ons te op-en-wakker en het ons te lekker saamgesels). Praatjies o.a. oor 'n Admissant en sy kampsulewe, sy binnekamer, landsbelang en sy liefdeslewe met groot vrug deur die plaaslike predikante gelewer. Nogmaals dank aan dr. Eloff, ds. Linde en ds. Herholdt. Oom (ds.) Kobus Kellerman het elke oggend en aand die Bybelstudie uit die Petrusbrief geleidelik. Dr. P. Conradie het die ereidie Sondagoggend geleidelik, asook die praatjie oor die Liefde.

Die kamp was myns insiens 'n weerspieëling van die belans van 'n Christen se lewe. Benewens al die geswem Vrystaat toe en die ander jolyt, het ons ook geestelik gegroei en meer geestelik fiks en weerbaar geword. Ons het baie van ons foute en sondes agtergekom en ook besef dat 'n Christen glad nie soos die wêreld is nie — Christus was immers nie, en Hy is ons voorbeeld.

Prediker 11:9 „Verbly jou, o jongeling... maar weet dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring.”

(Beplande aksies vir die Admissiebond verder die jaar is — D.V. 'n kamp met die Pretorianers, 'n besoek aan die Teologiese Fakulteit by Tuks, en dan natuurlik die toer in Junie-Juliemaand; dames admissante vir die toneelgedeelte word eersdaags gekleur.) André.

COLAMUS

COLAMUS, die Kultuurkundevereniging, ondersoek hoogtepunte binne die kontra-kultuur. Dit is nie bloot passiewe meeleving nie, maar aktiewe meeleving in die vorm van die bywoning van „rockoperas”, opvoerings en films.

Colamus wat vroeër net beperk was tot die Kultuurkunde



WELKOM ...!

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- ◆ HANDBOEKE
- ◆ SKRYFBEHOEFTE
- ◆ EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEK-HANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK

„die Potchefstroomse boekhandel”

Tomstraat 86 — Tel. 8875 — Potchefstroom —WP

Hier word geëet!

INTERESSANTE gegewens oor studente se kosverbruik is die volgende: Die totale bedrag wat maandeliks aan kos bestee word, is in die omgewing van R72 500.

Maandelikse bestellings wat geplaas word is groot: 10 000 brode, 34 200 liter melk, 43 000 dosyn eiers, 42 000 pakkies van 500 gram botter en 12 400 kg bees- en 1 000 kg skaapvleis. Die vleisrekening alleen is ongeveer R30 500 per maand.

Heelwat administratiewe werk is hieraan verbonde. Die besoldiging van personeel, onderhoudskoste en ander noodsaaklikhede is dinge waaraan gewoonlik nie gedink word nie.

Hierdie kostes word groten-deels deur die losiesgeld van die studente gedek. Die Teg-niese Departement doen soveel moontlik om te bespaar. Om hierdie rede het die Universiteit van verlede jaar af sy eie slaghuis.

Die stygende lewenskoste bemoeilijk 'n begroting ook heel dikwels. Daar word soms van ander fondse gebruik gemaak om alles aan die gang te hou.

TUKS

NA afloop van die tussenverkie-sing spog die Studenteraad weer met twee dames in hul geledere. Albei hierdie dames is primaria van hul onderskeie koshuise.

Hulle is Daleen van den Berg, van Klaradyn en Anette Du Plessis van Tankotie. Met hierdie verkiesing het die dames, saamgesnoer deur die Finesse-week verlede jaar, gewys dat hulle ernstig is om weer verteenwoordiging te verkry. Hier het F.A.T. (Finesse-aksie-Tuks) haarself dan wel deeglik laat geld.

Hoe dit ookal sy, veels geluk en sterkte aan die twee dames van hierdie kant af.

(Interessant is dat dit Boukunde, Landbou en Sonop-manskoshuis was wat Dalene van den Berg verkies het!)

Hierdie is die twee dames wat op Tuks se V.S.R. verkies is.



Annette du Plessis



Dalene van den Berg

Big Daddy Amin

POLITIKA poog om politiek vanuit 'n radikaal christelike standpunt te sien. Met die eerste vergadering wat op 23 Maart in Kulu se sitkamer plaasvind word gekyk hoe 'n

Christen sy beginsels kan uit-leef in die politieke situasie. Die vergadering begin om 19h30 en belangstellendes word uitgenooi om te kom luister na mn. Liebenberg en deel te neem aan die besprekings.

Vanweë die veranderlikheid van die huidige politieke situa-sie sal temas daarvolgens be-handel word. Om julle solank

aan die dink te sit word twee beplande temas genoem: Is geweld die oorsprong van rewolusie? Wat is die doel en opdrag van die Parlementêre Kommissie vir Staatsveiligheid? Nog 'n belangrike vooruitsig is die bespreking van die doku-mentêre film oor Genl. Idi Amin wat op 2 April in die To-tuis-saal vertoon sal word.

DIE BULT DROOGSKOONMAKERS

UITSIGARCADE TOMSTRAAT

Dames!

Kom laat vinnig 'n bondel wasgoed was (en selfs jou sleep s'n as jy nie lus het nie) — en dit net vir 80c.

Manne!

As jy jou ma mis en jou meisie wil dit nie doen nie — die Bult Droogskoonmakers is nog altyd daar!

- Slegs 80 minute vir droogskoonmaak.
- net 4 uur vir wasgoed.

Ons ken ons skoon maak!

—Wapad



INSLEEP Restaurant

WELKOM AAN ALLE PUKKE EN EERSTEJAARS

TOMSTRAAT 100 TELEFOON 6039 —WP

KRIEKET

DIE Pukke het verlede Saterdag geen twyfel gelaat oor watter elftal die beste in die Wes-Transvaalse krieketliga is nie. Die Scorgiebeker staan veilig in die glaskas by die Pukke.

In sy laaste wedstryd het die Pukke met Gillettebeker-krieket na vore getree. In '215 minute teken hulle 314 vir 7 aan teen Strathvaal. Hiervan het Clive Ulyate onoorwonne 167 lopies in 118 minute aangeteken, met 23 viere en een 6. Ander goeie tellings was die van Martin Piek (57) en Philip Welman (42).

Om die sout nog verder in te vryf het die Pukke een kolwer van Strathvaal laat terugstap met 6 lopies op die telbord.

Met hierdie vertoning het die Pukke seker gemaak dat hulle vanjaar die Weste se kampioenspan bly.

Beveg Inflasie

WOON ALLE

KLASSE BY


VERRAS

U PROFESSOR,

WOON AL SY

KLASSE BY

Paalspring



Dawie Malan tydens een van sy spronge gedurende die Puk-kampioenskappe wat op 10 Maart op die Bill Swart Ovaal plaasgevind het.

SWEM

AAN al ons swemliefhebbers op die Puk bring ek die goeie nuus dat ons weer eens 'n klub het met groot planne vir die toekoms. Die sukses van die klub hang egter nou saam met julle steun en onderskraving. Dat ons dit wel sal kry, is reeds 'n uitgemaakte saak.

Om die jaar se program so interessant moontlik te maak beoog ons om gedurende die winter 'n paar keer in Johannesburg by 'n verwarmde swembad te gaan oefen. Vir die Waterpolospan gaan daar gepoog word om die bekende Springbok, mnr. Billy Otto te verkry.

Hier plaaslik sal as afrigter optree mnr. Charles Meyer, Springbokswemmer en dosent aan die P.U. vir C.H.O. Die oefentye van die klub is soos volg;

Maandag en Woensdagmiddag: 4.15 nm. Woensdagaand 8 nm.

Die klub beoog verder om by die Wes-Tvl. Amateurswemunie te affilieer.

Die hoogtepunt van die jaar is natuurlik die S.A.U. kampioenskappe Desembermaand.

Die Bestuur is die volgende; Christo Swart — Voorsitter. H. van Wyk — Sekretaresse. A. van Dam — Add. lid.

Enige navrae kan via bussie 24 by die S.S.R. kantoor gedoen word.



Op die pasafgelope P.U. Atletiek-kampioenskappe het Gerrie Jacobs ook goed vertoon oor die 400 meter. (Foto: Braam le Roux).

VALSKERMSPRINC

DIE Valskermklub beskik vanjaar oor lede wat graag wil vryval, wat graag wil vlieg. In die verlede was daar avontuuroekers wat ook graag wou sê hulle het gespring, maar nou is daar mense met ideale.

Die springers het verlede week hul grondopleiding wat twee weke geduur het, voltooi. Dit het bestaan uit teoretiese klasse, lesse in hoe 'n valskerm gepak moet word. Verder het hulle grondrolle geoef, in 'n harnas geleer hoe om uit 'n vliegtuig te val en die regte houding wat 'n springer dan moet hê.

Veertien van die oorspronklike groep het die opleiding voltooi waarvan ses reeds gespring het.

Die klub se bedrywighede het op 'n hoë noot losgetrek. Hulle het begin met 'n vergadering en 'n filmvertoning wat genoeg was om 'n waterhoender entoesiasies te maak. Daar was ook 'n heerlike braaivleis by die dam.

Die klub hoop om vanjaar finansiële steun van die Sportinstituut te ontvang; daar is die moontlikheid dat 'n valskerm vir die klub aangekoop sal word.

Vanjaar is daar geskiedenis gemaak deurdat daar 'n rekordgetal van vyf meisies aangesluit het.

Oefeninge sal in die vervolg op Woensdagmiddae wees — om fiksheid te bevorder en om almal in staat te stel om te vlieg.

Die Wapad word gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Beperk, Olënlaan 11 Potchefstroom.



Ewe gelukkig lyk die rugbyspelers na ontvangs van hulle truie. V.l.n.r. Piet Brand, Prof. Johan Claassen, ds. Stoney Steenkamp, mnr. Sandt Claassen, Piet van Heerden, mnr. Ernst Claassen, Gerrit Hayward, Sors Greyling en Lou van Wyk. (Foto: Fotiek).

Truie oorhandig

VERLEDE Vrydagaand het die rugbyseisoen amptelik begin toe prof. Johan Claassen namens die maatskappy Johan Claassen-broers aan elke koshuis 'n stel rugbytruie geskenk het.

As voorsitter van die PUK-rugbyklub het prof. Claassen 'n paar woorde tot die verskillende verteenwoordigers van die koshuise gerig. Hy en sy broers het die truie aan die koshuise geskenk omdat hulle voel dat dit daar is waar die hart van die PUK-rugby lê. Hulle skenk die truie uit dankbaarheid vir wat die PUK al aan hulle gedoen het.

Hierna is die rugbytruie van die verskillende koshuise aan die koshuisvertegenwoordigers amptelik oorhandig.

Oom Piet Malan spreek namens die Klub sy dank teenoor Johan Claassen-Broers uit vir die mooi gebaar. Hy doen 'n beroep op die koshuise om rugby ernstig op te neem en nie net bereid wees om te ontvang nie, maar ook om te gee.

RUGBY

HIERDIE naweek (20/3) begin die rugbyseisoen in alle erns wanneer die P.U.K. met 6 spanne Yskor gaan aandurf.

Na Saterdag se proewe is die o/20A en B spanne nou finaal saamgestel. Die 1A en 1B en 2A en 2B word nog aan geskaaf en sal na Saterdag se wedstryd seker gefinaliseer word.

Hierdie naweek se wedstryde sal 'n goeie toetssteen vir die P.U.K. spanne wees. Die Intervarsity met R.A.U. vind die 27e plaas en is hierdie die laaste geleentheid wat die Pukke as voorbereiding kan gebruik.

Krieketuitslae

	DIE puntestand is soos volg:	
	(aantal wedstryde	Punte
Personeel	6	48
Caput	7	46
Over-de-Voor	7	68
Dorp	7	43
Dawie Dup	7	43
Hombre	7	38
Klooster	6	28
Drakenstein	7	16


Ondersteun

U KOSHUIS OP

SPORTGEBIED

DIE WINKEL VIR DIE STUDENT

HUIS & TUIN



★ Skoenherstelwerk

★ Fietse

★ Breekware en Geskenke

—Pot.